HENNIE BOSHOFF

Nou eksoties deel van Prins Albert

Kunskiepersol

TISHA STEYN

Die man met die wit broek en swart baadjie, pet en donkerbril stileer homself op die wit leerstoel.

Agter hom sidder die bossieveld in die Klein-Karoo-middagson.

"Die mense begin my nou gewoond raak. Aan die begin was hulle bang vir my," sê Hennie Boshoff, vermaarde kunstenaar wat hom 'n jaar gelede in die dorpie kom tuismaak het.

"Ek het nooit ingepas in die huisie aan die verkeerde kant van die spoorlyn in Durban nie.

"Jeanette Hanekom, my kunsonderwyseres, het my gered, anders sou ek vernietig gewees het."

Deur haar toedoen het hy op ses 'n sertifikaat gekry vir 'n kunswerk met die maskers van tragedie en komedie daarop.

Op 20 is hy landuit – in selfopgelegde ballingskap na Londen, New York en Los Angeles. Ná 20 jaar is hy na Frankryk, en ná 10 jaar in daardie land het hy 10 jaar gelede besluit om terug te kom. Hy is terug Durban toe, waar hy nog 10 jaar gewoon en gewerk het.

"In die buiteland het ek groot geword, baie groot," sê hy.

Vandag is hy 'n wêreldbekende kunskonsultant.

"Ek hoef nie my werk te verkoop nie. Die Amerikaanse Azazel-stigting betaal my om my idees te ontwikkel."

> Eers het ek gedink my beeldhouwerk is te veel vir die dorpenaars. Maar hulle het my gewoond geraak.

'n Jaar gelede het hy en sy vrou, Rossetta Woolf, hulle in Prins Albert kom vestig.

"Ons het verlief geraak op Prins Albert. Aanvanklik het ek gedink my beeldhouwerk is 'n bietjie te veel vir die dorpenaars.

"Maar hulle het my gewoond geraak en ek vir hulle. Hulle het aanvanklik gesê ek doen 'duiwelswerk', gesê ek het verlede jaar se groot storm veroorsaak.

"Toe kom die bestuurder van die poskantoor kyk wat doen ek en sy skryf in die plaaslike koerant ek is ouk!."

Hy moes Afrikaans herleer, want hy was 20 toe hy vort is en 51 toe hy teruggekeer het.

"Ek is lief vir Afrikaans en die Karoo. Die Karoo het ongelooflike gees. Ook in Prins Albert is mense met 'n oop gemoed: diegene wat gereis het."

Hy was altyd maar 'n *outsider*: "Dat ek kuns gedoen het, was al boos, en ek het nie rugby gespeel nie. Maar ek het boeke gelees en tyd gehad om te dink. Eers toe ek in Londen aankom tydens die Swinging Sixties, het ek ingepas."

Die maskers van sy kleintydse kunswerk is steeds 'n deurlopende tema.

"Die maskers versinnebeeld die teenoorgesteldes van die lewe: tragedie en komedie, depressie en euforie, wanhoop en hoop."

Die Tarot is nog 'n donker, diep tema. Een van die beelde langs die doringdraad tussen sy erf en die Magrieta Prinsloo-pad is 'n beeld van die Gek, die zero-kaart van die Tarot.

"Die *Joker* is oral en nêrens. Ek identifiseer daarmee.

"Die Tarot is nog iets wat die fundamentele Christene hier bekommer het," sê hy laggend. "Maar nou is ek 'n eksotiese deel van hulle."

Deur die Azazel-stigting kry hy geld – ook om die kunshuis, Villa Kruger, te bedryf.

"Die huis is deel van die kunswerk. Hier, 'n bietjie buite die dorp, kan ek asemhaal."

Tydens sy ballingskap het hy sy wortels bly soek. "Die hele lewe is 'n projek om jouself te vind. En as jy gelukkig is, vind jy jouself."

Die kunstenaar Hennie Boshoff, kleurryke inwoner van Prins Albert.

Foto: TISHA STEYN